## *Heb 12:22*

Maar julle het gekom by die Berg van Sion en die Stad van die lewende Elohim, die Hemelse Jerusalem en tienduisende Boodskappers, [Openbaring 14:1-3]

Heb 12:23 by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is, [Ode van Salomo 33:11]

Heb 12:24 en by JaHWèshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

Luk 14:15 EN toe een van die wat saam aan tafel was, dit hoor, sê hy vir Hom: Geseënd is hy wat Brood eet in die Koninkryk van die Elohim.

Luk 14:16 Maar Hy antwoord hom: 'n Sekere man het 'n groot maaltyd gegee en baie adamiete uitgenooi.

Luk 14:17 En op die uur van die maaltyd het hy sy dienskneg uitgestuur om vir die genooides te sê: Kom, want alles is nou gereed.

Luk 14:18 En hulle het hul almal eenparig begin verontskuldig. Die eerste het vir hom gesê: Ek het 'n stuk grond gekoop en ek moet noodsaaklik uitgaan om na haar te kyk. Ek vra u, verskoon my tog.

Luk 14:19 En 'n ander een het gesê: Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon my tog.

Luk 14:20 En 'n ander een het gesê: Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie.

Luk 14:21 En daardie dienskneg het gekom en dié dinge aan sy meester vertel. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy dienskneg gesê: Gaan gou uit in die strate en die gangetjies van die stad en bring die armes en verminktes en kreupeles en blindes hier in.

Luk 14:22 En die dienskneg het gesê: Meester, wat u beveel het, is gedoen, en daar is nog plek.

Luk 14:23 Toe sê die meester vir die dienskneg: Gaan uit op die paaie

en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word.

Luk 14:24 Want ek sê vir julle dat nie een van daardie manne wat genooi is, my maaltyd sal smaak nie.

Luk 14:25 EN groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:

Luk 14:26 As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie siel minder lief nie, kan hy My student nie wees nie.

Luk 14:27 En elkeen wat sy folterpaal nie dra en agter My aan kom nie, kan My student nie wees nie.

Luk 14:28 Want wie van julle wat 'n toring (jou eie klein Migdol toring) wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? -

Luk 14:29 sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot

Luk 14:30 en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.

Luk 14:31 Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tienduisend die een te ontmoet wat met twintigduisend teen hom kom nie?

Luk 14:32 Anders stuur hy 'n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes.

Luk 14:33 So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, My student wees nie.

Luk 14:34 Die sout is goed, maar as die sout laf geword het, waarmee sal sy smaaklik gemaak word?

Luk 14:35 Sy is nie bruikbaar vir die Aarde of vir die ashoop nie. Hulle gooi haar buitekant weg. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.